

14 Junie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 15

Saul soek nie die eer van God nie

As God vir Saul opdrag gee om die Amalekiete uit te wis, voer hy die opdrag net gedeeltelik uit. Hy spaar Agag se lewe asook die mooiste kleinvee en beeste. Waarom? Ter wille van sy eie eer! In nabootsing van die Oosterse konings, wil Saul vir koning Agag met al sy diere deur die strate lei om die hoogste eer vir die oorwinning te ontvang. En asof die eerbetoning nog nie genoeg is nie, rig hy vir homself - let wel, nie vir God nie - by Karmel 'n gedenkteken op (15:12).

As Samuel by Saul kom, sê Saul ewe skynheilig: "Ek het die opdrag van die Here uitgevoer". Maar as Samuel sy leuen oopvlek: "Wat vir 'n geblêr van kleinvee is daar dan in my ore?" – dan skroom Saul nie om verder te lieg nie: die diere is gespaar om "aan die Here u God te offer". Het u gehoor? Saul praat nie van die Here as sy God nie, maar as die God van Samuel!

As die as van 'n wiel nie die middelpunt vorm nie, kan dit nie behoorlik funksioneer nie. So is dit ook met 'n mens se lewe. As God se eer nie die middelpunt van ons lewe vorm nie, loop alles in ons lewe skeef. Dit was die tragedie van Saul se lewe. Is dit ook die tragedie van jou lewe? Neem dan met ware berou en bekering toevlug tot Jesus Christus, want vir Hom was die wil van sy Vader dat Hy aan die kruis vir ons sondes moes sterf, die middelpunt van sy lewe!

Sing: Psalm 138:3

Dr CJ Malan (Emeritus)